
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# JUNIE 2026

# GESKIEDENIS V1 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 25 bladsye.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

### 1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne.<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne.<br>• Definieer historiese begrippe/terme. | **30% (15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne.<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne.<br>• Analiseer bewyse uit bronne. | **40% (20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne.<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel.<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings. | **30% (15)** |

### 1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde gegee word.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om 'n standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om enige punte te verdien.

### 1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓)
- Indien 'n vraag 4 punte tel word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer ŉ antwoord op ŉ paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas ŉ kolpunt ( . ) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.
- Maak regmerkies (√) wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee ŉ kort kommentaar bv.

__________ . ________________________ . ________________
_______________ . ________________________ . __________
√√√√ Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerke vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt aan die regterkantse onderste kantlyn, bv.

  32/50

- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

2. **OPSTELVRAE**

2.1 **Die opstelvrae vereis dat kandidate:**

- In staat sal wees om hul argument op ŉ logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om ŉ redelike reeks feite of ŉ effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat ŉ opstel ŉ inleiding, ŉ samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en ŉ slot het.

2.2 **Nasien van opstelvrae**

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by ŉ spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by ŉ riglyn vir nasien van ŉ spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir *enige ander relevante antwoord.*

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.3 **Globale assessering van die opstel**

Die opstel skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om 'n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument.
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun.
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

2.4 **Assesseringsprosedures vir die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyn), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt in die nasienriglyn) bv. 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die **PEEL-struktuur** in gedagte by die assessering van 'n opstel.

| | |
|---|---|
| P | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met 'n argument/'n duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet 'n punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| E | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| E | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevant voorbeelde moet gegee word om die argument vol te hou. |
| L | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.4.4 Die volgende simbole MOET in die assessering van die opstel gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling ________________
- Irrelevante stelling |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie I√
- Argument LOA ↕

2.5 **Die matriks**

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle.

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is en om die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

**KOMMENTAAR**

Sommige weglatings in inhoudsdekking.
Poog om 'n argument te handhaaf.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## NASIENMATRIKS VIR OPSTEL: TOTAAL: 50

| AANBIEDING → <br> INHOUD ↓ | VLAK 7 <br> Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | VLAK 6 <br> Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | VLAK 5 <br> Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | VLAK 4 <br> Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | VLAK 3 <br> Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | VLAK 2 <br> Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | VLAK 1 <br> Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VLAK 7** <br> Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6** <br> Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5** <br> Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4** <br> Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3** <br> Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2** <br> Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1** <br> Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

### *Riglyne vir die toekenning van 'n punt vir Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; effense poging om die opstel te struktureer = 7–13

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: HOE HET DIE BERLYNSE BLOKKADE DIE KOUE OORLOG – SPANNING IN EUROPA TUSSEN 1948 EN 1949 VERHOOG?

1.1 1.1.1 *[Definisie van ŉ historiese konsep uit Bron 1A–V1]*
- Ideologiese kompetisie tussen kapitalisme en kommunisme.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A–V1]*
- A – Stalin wou Duitsland vernietig en die USSR het Oos-Duitsland van sy rykdom en masjinerie gestroop. (1 x 1) (1)
- B **–** [wou die] VSA Duitsland se nywerheid herbou om ŉ welgestelde handelsvennoot te word. (1 x 1) (1)

1.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A–V1]*
- Eerstens, in Januarie 1947, het Brittanje en die VSA hul twee sones saamgevoeg.
- Toe, op 31 Maart 1948, het die Kongres vir die Marshall-plan gestem.
- Uiteindelik, op 1 Junie, het Amerika en Brittanje aangekondig dat hulle die nuwe land Wes-Duitsland wou skep/op 23 Junie het hulle ŉ geldeenheid in Bizonia en Wes-Berlyn ingestel. (3 x 1) (3)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A–V2]*
- Die USSR is twee keer deur Duitsland aangeval, gedurende die Eerste en Tweede Wêreldoorlog, daarom wou hulle enige toekomstige aanval deur Duitsland voorkom.
- Die USSR het ernstige verliese tydens die Tweede Wêreldoorlog gely en daarom wou hulle Duitsland as die aggressor straf.
- Die USSR wou kommunisme in Duitsland instel.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

1.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A–V2]*
- Marshall-hulp was ŉ kapitalistiese beleid wat daarop gemik was om die verspreiding van kommunisme te beperk.
- Lande wat die Marshall-hulp gebruik het, sou afhanklik wees van en bande met die VSA en kapitalisme hê.
- Marshall-hulp sou Duitsland help om sy ekonomie te herbou/ Duitsland se ekonomie te versterk.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

1.2 1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B–V1]*
- Om die belange van die bevolking en die ekonomie van die Sowjet-sone te beskerm.
- Om die disorganisasie van geldsirkulasie te voorkom.

(Enige 1 x 2) (2)

1.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B–V1]*
- Om passasiertreinverkeer tussen die Sowjet – besettingsone in Duitsland en die Westerse sones op te skort. (1 x 2) (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B–V2]*

- Die bedoeling was om noodsaaklike voorrade te verhoed om Wes-Berlyn te bereik.
- Om Wes-Duitsland te dwing om kommunistiese beheer te aanvaar.
- Om die Geallieerdes uit Berlyn te dwing.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

1.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B–V2]*

- Voedsel – en - brandstoftekorte gerantsoeneer.
- Elektrisitietvoorsiening is gedurende die winter afgesny.
- Die mense van Wes-Berlyn is van die buitewêreld geïsoleer en gesinne is afgebreek.
- Wes-Berlyners het veerkragtig en verenig geword teen die Sowjette.
- Wes-Berlyners het die VSA nie meer as vyande beskou nie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

1.2.5 *[Bepaling van die bruikbaarheid van Bron 1B–V3]*

**Die bron is nuttig omdat:**

- Dit ŉ verklaring is wat deur die Sowjet-owerhede gemaak is in 1948.
- Die verklaring in Junie 1948 gemaak is toe die Berlynse blokkade geïmplementeer is.
- Dit duidelike maatreëls bevat wat deur die Sowjette in Berlyn getref moes word.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

1.3 1.3.1 *[Verduideliking van ŉ historiese konsep uit Bron 1C–V2]*

- Die gebruik van vliegtuie deur die VSA en Brittanje om voorrade na Wes-Berlyn te kry tydens die blokkade.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

1.3.2 *[Extraction of evidence from Source 1C–V1]*

- Dit het meer doeltreffend geword.
- Die aantal lugafwerpe het toegeneem.
- Lugmag – en vlootvliegtuie het elke 45 sekondes by Tempelhof-lughawe geland. (3 x 1) (3)

1.3.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C–V1]*

- Die Lugbrug het al 10 maande lank aangehou en die Geallieerdes het bewys dat hulle dit onbepaald kon volhou. (1 x 2) (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.3.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C–V2]*
- Die Lugbrug het noue samewerking tussen die VSA, Brittanje en hul bondgenote vereis om vlugte, voorrade en logistiek te koördineer.
- Westerse moondhede het saamgewerk om te verseker dat voedsel, brandstof en mediese voorrade die mense van Wes-Berlyn sonder direkte militêre konflik bereik
- Die sukses van die lugbrug het getoon dat internasionale samewerking Sowjet-druk kon oorkom en die verspreiding van kommunimse sonder oorlog kon voorkom
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

1.4 1.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D–V2]*
- Om die wêreld te wys dat die Weste die lugbrug gebruik het om die mense van Wes-Berlyn te help.
- Die Weste was besig om teen die Sowjet-blokkade te wen.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

1.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D–V2]*
- Die mense van Berlyn sou die Weste as ŉ bondgenoot beskou en die USSR as ŉ vyand.
- Die mense van Berlyn sou kapitalisme en demokrasie in plaas van kommunisme aanvaar.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

1.5 *[Vergekyking van bewyse van Bron 1B en Bron 1D om vas te stel hoe hulle mekaar ondersteun – V3]*
- Beide bronne dui aan dat die Weste gereageer het met die Berlynse lugbrug teen die blokkade.
- Beide bronne dui aan dat baie vliegtuie by die Tempelhof-lughawe geland het met voorrade vir Wes-Berlyn.
- Beide bronne toon die Weste se vasberadenheid en toewyding om die mense van Wes-Berlyn te help.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante Bronne-V3]*
Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:
- Na die Tweede Wêreldoorlog is Duitsland verdeel in 4 sones wat deur die VSA, Frankryk, Brittanje en die USSR regeer is. (Eie kennis)
- Berlyn is ook verdeel in 4 sones wat deur hierdie lande regeer is (eie kennis).
- Die VSA en die USSR het verskillende doelwitte vir die Duitsland gehad, die VSA wou Duitsland herbou terwyl USSR Duitsland wou vernietig.
- Die USSR het kwaad geword toe die VSA en Brittanje by hul sones aangesluit het om Bizonië te vorm. (Bron 1A)
- Stalin het die Marshall-plan gesien as ŉ poging om die Russiese invloed in Oos-Europa te ondermyn. (Bron 1A)
- Rusland het op die Marshall-hulp gereageer deur pad- en spoorverkeer na Berlyn te stop en deursoek. (Bron 1B)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

- Op 23 Junie het Amerika en Brittanje 'n nuwe geldeenheid in Bizonië en Wes-Berlyn ingestel. (Bron 1A)
- Mense in Oos-Europa het begin om hul geld te wissel na die nuwe geldeenheid. (Bron 1A)
- Die USSR het maatreëls ingestel om die belange van die beskerm van die bevolking van die Sowjet – sone. (Bron 1B)
- Daar was regulasies om alles wat in en uit Berlyn gegaan het, te beheer. (Bron 1B)
- Alle oppervlakteroetes na en van Berlyn is gesluit (eie kennis)
- VSA en Brittanje het 'n lugbrug begin om die voorrade te neem na 2 miljoen Berlyners wat deur die blokkade afgesny is. (Bron 1C)
- Die lugbrug was 'n sukses en die bondgenote was gereed om dit onbepaald voort te sit. (Bron 1C)
- Die krisis het vreedsaam geëindig, maar dit het die ideologiese verdeling van Europa beklemtoon. (Bron 1C)
- Die NAVO is deur die geallieerde gevorm om die Sowjet- aggressie teen te werk. (Bron 1C)
- Later is Berlyn verdeel in kommunistiese Oos-Berlyn en kapitalistiese Wes-Berlyn. (Bron 1D)
- Tempelhof-lughawe is deur baie vliegtuie gebruik om voorrade tydens die lugbrug te laat val. (Bron 1D)
- Enige ander relevante antwoord. (8)

Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **LEVEL 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon min of geen begrip van hoe die Berlynse blokkade die spanning van die Koue Oorlog in Europa tussen 1948 en 1949 vererger het**.<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie | **PUNTE 0–2** |
| **LEVEL 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon 'n mate begrip van hoe die Berlynse blokkade die spanning van die Koue Oorlog in Europa tussen 1948 en 1949 vererger het**.<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om die pargaraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **LEVEL 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van hoe die Berlynse blokkade die spanning van die Koue Oorlog in Europa tussen 1948 en 1949 vererger het**.<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)

**[50]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 2: HOE HET VERSKEIE HISTORICIË DIE SLAG VAN CUITO CUANAVALE BESKOU?

2.1 2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A–V1]*

- Van September 1987 tot Julie 1988. (1 x 1) (1)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A–V1]*

- Die FAPLA-opmars is in sy spore gestuit. (1 x 1) (1)

2.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A–V1]*

- Die verlies van die Suid-Afrikaanse lugmag se meerderwaardigheid.
- of die vooruitsig in die gesig staar om swaar verliese te ly tydens ŉ wanordelike stormloop suid. (2 x 1) (2)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron Bron 2A–V2]*

- Die SAW kon die oorlog gewen het, maar hulle was gedwing om Namibië onafhanklikheid te gee.
- Die SAW kon die Slag van Cuito Cuanavale gewen het maar apartheid is afgeskaf.
- Die SAW kon die oorlog gewen het, maar hulle het misluk om die MPLA-regering te verwyder.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

2.2 2.2.1 *[Definisie van ŉ historiese konsep uit Bron 2B–V1]*

- Wanner ŉ land die reg op selfregering het, keuse van eie regering sonder eksterne druk.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

2.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B–V1]*

- Die ernstige ekonomiese beperkings op Suid Afrika.
- Die militêre terugslag in Angola.
- Toe dit besef dat dit die oorlog nie kon wen nie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 1) (2)

2.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B–V1]*

- Kubaanse troepe onttrekking uit Angola.
- Verskuiwing van ANC militêre kampe na Uganda. (2 x 1) (2)

2.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B–L2]*

- Dit het tot onderhandelinge tussen die Suid-Afrikaanse regering en die bevrydingsbewegings gelei.
- Dit het tot die aftakeling van apartheid en die inlui van ŉ demokratiese bedeling in Suid-Afrika gelei.
- Die geveg het getoon dat die Suid Afrikaanse regering nie die oorlog militêr kon wen nie, wat dit gedwing het om onderhandelinge te oorweeg.
- Dit het internsionale druk op Suid-Afrika verhoog om ŉ politieke oplossing te soek eerder as om die konflik voort te sit.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.2.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B–V2]*
- Ronnie Kasrils het geglo dat die Slag van Cuito Cuanavale almal wat by die konflik betrokke was, bevoordeel het.
- Die einde van die Namibiese kolonisasie en apartheid is as uitkomste van die Slag van Cuito Cuanavale gesien.
- Die vrede tussen Suid-Afrika en Angola na die Slag van Cuito Cuanavale het nuwe sakegeleenthede oopgemaak.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

2.3 2.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C–V1]*
- Danksy ŉ dapper verdedigingspoging deur Kubaanse en Angolese troepe. (1 x 2) (2)

2.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C–V1]*
- Die Kubaanse propaganda-weergawe van hierdie 'heldhaftige stryd'.
- Dit was eers na die einde van die oorlog dat die feite na vore gekom het.
- Die Kubane en Angolese was … reeds besig om vrede in Angola te onderhandel.
- Met hul Sowjet – ondersteuners wat openlike verklaar het dat die oorlog nie gewen kon word nie.
- Die Suid-Afrikaners was die ware oorwinnaars in die Cuito-veldtog. (Enige 2 x 1) (2)

2.3.3 *[Verduideliking van ŉ historiese konsep uit Bron 2C–V2]*
- Die verspreiding van valse inligting wat mense laat glo dat die Kubane die Slag van Cuito Cuanavale gewen het.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

2.3.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C–V2]*
- Kubane en Angolese het vrede in Angola onderhandel.
- Die skrywer het aangevoer dat Suid-Afrika ŉ beslissende militere oorwinning behaal het by die Slag van Cuito Cuanavale.
- Die Kubane het beweer dat 'honderde mans' dood is, maar die skrywer voer aan dat slegs 31 SAW-soldate dood is
- Die skrywer het beweer dat die Kubane nie daarin geslaag het om Unita te verslaan nie
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

2.4 2.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D–V2]*
- Die beeld weerspieël Suid-Afrika se interne narratief (verhaal) van oorwinning/Die SAW het die Slag van Cuito Cuanavale gewen
- Die SAW het hul terugtrekking/terugkeer as ŉ triomf geraam, ten spyte van komplekse uitkomste.
- Hierdie boodskap het gehelp om moraal onder soldate en burgers te handhaaf.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D–V2]*
- Om die mense te laat glo dat Suid-Afrika die Slag van Cuito Cuanavale gewen het.
- Om steun te kry vir die betrokkenheid van die SAW in die Angolese burgeroorlog.
- Om die soldate wat in Angola geveg het, te waardeer.
- Die openbare viering demonstreer hoe die SAW hul terugkeer/terugtrekking as bewys van oorwinning geraam het, ten spyte van betwiste uitkomste.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

2.4.3 *[Bepaling van die beperkinge van Bron 2D–V3]*
**Die Bron is beperk omdat:**
- Die bron is bevooroordeeld omdat dit die siening ondersteun dat ondersteun dat Suid-Afrika die oorwinnaar in die oorlog is.
- Die bron is eensydig aangesien dit slegs die siening van die ondersteuners van Suid-Afrika wys.
- Dit is propaganda, ontwerp om moraal te verhoog, eerder as om feitlike militêre besonderhede te verskaf.
- Die foto het nie konteks oor die breër internasionale betrokkenheid (bv. Kubaanse en Sowjet-steun nie) dus kan dit nie die volle omvang van die geveg verduidelik nie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

2.5 *[Vergelyking van ooreenkomste tussen Bron 2C en Bron 2D–V3]*
- Beide Bronne dui aan dat Suid-Afrikaanse soldate in die Slag van Cuito Cuanavale geveg het.
- Beide Bronne wys Suid-Afrika as die wenner van die Slag van Cuito Cuanavale.
- Die Banier "WELKOM WENNERS" in Bron 2C ondersteun Bron 2D se bewering dat Suid-Afrika hulself as die ware oorwinnaars gesien het.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne-V3]*
Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Verskeie historici het verskillende sienings oor wie die oorwinnaars in die Slag van Cuito Cuanavale. (eie kennis)
- Die Slag van Cuito Cuanavale is van September 1987 tot July 1988 geveg (Bron 2A)
- SAW het FAPLA verslaan by die Slag by die Lombarivier. (Bron 2A)
- Die Kubane het die SAW gekeer om Cuito Cuanavale en sy strook oor te neem (Bron 2A)
- Statistieke het bewys dat die vyande van SAW meer verliese gely het as Suidelike-Afrika, maar dit beteken nie dat hulle die oorlog gewen het nie. (Bron 2A)
- Suid-Afrika is gedwing om Namibië onafhanklikheid te gee en apartheid het geëindig. (Bron 2A)
- Suid-Afrika kon nie die oorlog wen nie weens 'n verskeidenheid redes. (Bron 2B)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

- Die ooreenkomste tydens die onderhandelinge was na dat Kuba aan Angola en die ANC sou militêre kampe Uganda sou verskuif. (Bron 2B)
- Ronnie Kasrils glo beide kante het voordeel getrek uit die Slag van Cuito Cuanavale. (Bron 2B)
- Sommige historici glo Kuba het nie die oorlog gewen soos hulle beweer het nie.
- Suid-Afrika is as oorwinnaar beskou omdat haar verliese minders was as die teenoorgestelde kant. (Bron 2B)
- Suid-Afrikaanse soldate is ŉ held se verwelkoming gegee tuis. (Bron 2D)
- Kuba aan die ander kant glo dat hulle die SAW verslaan het by die Slag van Cuito Cuanavale. (eie kennis)
- Die Slag van Cuito Cuanavale was ŉ keerpunt in die Geskiedenis van Suid-Afrika. (Eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord. (8)

Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ŉ baie elementêre wyse, bv. **toon min of geen begrip van hoe verskeie historicië die Slag van Cuito Cuanavale beskou nie**.<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ŉ paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon ŉ mate begrip van hoe verskeie historicië die Slag van Cuito Cuanavale beskou nie**<br>• Gebruik bewyse op ŉ basiese manier om die pargaraaf te skryf | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon ŉ deeglike begrip van hoe verskeie historicië die Slag van Cuito Cuanavale beskou nie**.<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf en toon begrip van van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 3: WAT WAS DIE IMPAK VAN DIE MOTMOGOMERY – BUSBOIKOT OP DIE BURGERREGTESTRYD IN DIE VSA IN DIE 1950's?**

3.1 3.1.1 *[Ontrekking van bewyse uit Bron 3A–V1]*
- Die busbestuurder beveel die vier voorste swartes om hul sitplekke af te gee sodat hy kan sit. (1 x 2) (2)

3.1.2 *[Ontrekking van bewyse uit Bron 3A–V1]*
- Ek het gebly waar ek was. (1 x 2) (2)

3.1.3 *[Definisie van 'n historiese konsep uit Bron 3A–V1]*
- Om mense volgens ras te skei.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A–V2]*
- Sy het geweier om haar sitplek aan 'n wit man af te staan.
- Sy het wette oor rasseskeiding oortree.
- Die busbestuurder het haar by die owerhede aangemeld, wat tot polisie-ingryping gelei het.
- Sy het openlik gesê sy sal nie gehoor gee nie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A–V2]*
- Rosa Parks was 'n aktivis en 'n lid van die NAACP.
- Sy het teen segregasie en diskriminasie in die in die busse geveg.
- Sy wou die lot van die swart mense in Amerika uitlig.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.2 3.2.1 *[Ontrekking van bewyse uit Bron 3B–V1]*
- Het die potensiaal van geweldlose massaprotes gedemonstreer om rasse-segregasie suksesvol uit te daag.
- Het as voorbeeld vir ander suidelike veldtogte wat gevolg het gedien. (2 x 1) (2)

3.2.2 *[Ontrekking van bewyse uit Bron 3B–V1]*
- Hoflike behandeling deur busoperateurs.
- Eerste-kom, eerste-bedien sitplekke vir almal.
- Swart sitplekke van agter af en wittes voor.
- Swart busoperatuers op oorwegend swart roetes.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 1) (2)

3.2.3 *[Verduideliking van 'n historiese konsep uit Bron 3B–V2]*
- 'n Groot aantal mense wat deelgeneem het aan die Montgomery-busboikot om teenkanting teen segregasie en diskrimansie te toon.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B–V2]*
- Die inwoners van Montgomery het met die boikot voortgegaan alhowel die stad taxibestuurders wat boikotters gehelp het, gepenaliseer het.
- Die boikot het voortgeduur, alhoewel sommige huise wat aan betogers behoort het, gebombardeer is.
- Die boikot het voortgeduur, alhoewel mense soos King aangekla en skuldig bevind is.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.3 3.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C–V2]*
- Swart burgers wat lang afstande in die reën loop tydens die Montgomery-busboikot.
- Toewyding van die swart burgers aan die busboikot.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

3.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C–V2]*
- Die swart burgers het betoog om vryheid te kry.
- Die swart inwoners het hul vryheid van keuse gebruik deur te kies om te loop.
- Afro-Amerikaners het geloop om hul weiering te toon om disriminasie en tweedeklas status te aanvaar.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

3.4 *[Vergelyking van ooreenkomste tussen Bronne 3B en 2C–V3]*
- Bron 3B verklaar dat die Montgomery-busboikot ʼn massaprotes geword het, in Bron 3C is die prentjie van swart inwoners wat tydens die boikot loop.
- Bron 3B verwys na ʼn nie-geweldadige massaprotes, in Bron 3C loop swart mense vreedsaam.
- Bron 3C wys swart burgers wat loop, wat Bron 3B se stelling ondersteun dat 90% van busse af gebly het.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.5 3.5.1 *[Ontrekking van bewyse uit Bron 3D–V1]*
- ʼn Jaar gelede het hulle een van die hoërskoolmeisies in die tronk gesist omdat sy nie wou beweeg nie. (1 x 2) (2)

3.5.2 *[Ontrekking van bewyse uit Bron 3D–V1]*
- Al wat ons wil hê hulle moet doen, is om ons reg te behandel.
- Hulle moenie my laat opstaan vir ʼn wit persoon toe ek dieselfde tarief betaal het en ek eerste opklim nie.
- En hulle moet ophou om so gemeen te wees. (Enige 2 x 1) (2)

3.5.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron3D 3D–V2]*
- Swart mense was vasbeslote om te verenig teen segregasie.
- Swart mense het die massaprotes ondersteun.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.5.4 *[Bepaling van die betroubaarheid van Bron 3D–V3]*

**Die Bron is betroubaar omdat:**

- Dit ’n uittreksel uit die onderhoud wat deur Willie Lee in Januarie 1956 gevoer is, tydens die boikot in 1956.
- Die bron is waardevol as ’n eerstehandse weergawe, wat wys hoe gewone swart burgers bussegregasie ervaar het.
- Die bron verskaf spesifieke voorbeelde van diskriminasie (beveel word om te trek, oordragte geweier, arrestasies), wat dit geloofwaardig maak.
- Dit weerspieël die gemeenskap se perspektief en gevoelens, wat outentieke insig gee in gewone swart burgers se steun vir die boikot.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese uit relevante bronne–V3]*

- Die busse in Montgomery was gesegregeer en swartes is mishandel in die busse. (eie kennis)
- Op 1 Desember 1955 het Rosa Parks op ’n Cleveland Laanbus huis toe geklim. (Bron 3A)
- Rosa Parks het geweier om haar sitplek aan ’n wit man oor te gee wat op die bus geklim het. (Bron 3A)
- Sy is in hegtenis geneem vir die oortreding van segregasiewette en is tronk toe geneem. (Bron 3A)
- Na die inhegtenisneming van Rosa Parks het inwoners van Montgomery ’n busboikot begin. (Bron 3B)
- Die boikot het ’n 13 maande lange massaprotes teen segregasie in busse geword. (Bron 3B)
- Swart inwoners van Montgomery het ’n lys van eise voorgelê en toe daar nie aan hulle voldoen is nie, het 90% van die swartes tot 1956 van die busse afgebly (Bron 3B)
- Stadsamptenare en wit burgers het probeer om die boikot te beëindig, maar hulle het misluk. (Bron 3B)
- Op 5 Junie 1956 het die federale distrikshof beslis dat segregasie in busse ongrondwetlik was. (Bron 3B)
- In November 1956 het die Amerikaanse hooggeregshof wette wat gesegregeerde sitplekke op openbare busse vereis, tersyde gestel. (Bron 3D)
- Die Walk for Freedom (Stap vir Vryheid) tydens die Motgomery-busboikot het die vasberadenheid van die swartes getoon om die segregasiewette uit te daag. (Bron 3C)
- Die Burgerregtebeweging het die Montgomery-busboikot gekoördineer deur hul passiewe weerstand. (eie kennis)
- Swart inwoners was nie meer bereid om die vernedering en slegte behandeling wat hulle in die busse ontvang het, te aanvaar nie. (Bron 3D)
- Die boikot het tot finansiële verliese vir die busmaatskappye gelei, aangesien die swartes voortgegaan het om die busse te boikot. (Bron 3D)
- Die Montgomery-busboikot het uiteindelik gelei tot die desegregasie van busse. (eie kennis)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

- Meer swart mense het by die Burgerregtebeweging aangesluit en aan die volgende veldtogte deelgeneem. (eie kennis)
  Die boikot het die krag van vreedsame massaprotes beklemtoon (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord. (8)

Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementere wyse, bv. **toon min of geen begrip van die impak van die Montgomery-busboikot op die Burgerregtestryd in die VSA in die 1950's**.<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon 'n mate begrip van hoe van die Montgomery-busboikot op die Burgerregtestryd in die VSA in die 1950's**.<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om die pargaraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van hoe van die Montgomery-busboikot op die Burgerregtestryd in die VSA in die 1950's**.<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING B: OPSTELVRAE

## VRAAG 4: DIE UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIETNAM

*[Beplan en konstrueer 'n oorpsronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analise en interpretasievaardighede te gebruik.]*

### SINOPSIS

Kandidate moet verduidelik of hulle met die stelling saamstem of nie. Deur met die stelling saam te stem, moet hulle verduidelik hoe die militêre taktieke wat deur die Verenigde State van Amerika aangeneem is, daarin geslaag het om die Viëtkong tydens die Viëtnamoorlog tussen 1963 en 1975 te verslaan. Indien die kandidate nie met die stelling saamstem nie, moet hulle hul argument met relevante historiese bewyse staaf.

### HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem deur aan te dui of hulle saamstem of nie saamstem met die stelling dat die militêre taktiek wat deur die Verenigde State van Amerika toegepas is, daarin geslaag het om die Viëtkong tydens die Viëtnamoorlog tusen 1963 en 1975 te verslaan. Hulle moet ook 'n uiteensetting gee van hoe hulle hul argument sal ondersteun

### UITBREIDING

- Fokus op die militere taktiek wat deur beide die VSA en die Viëtkong gebruik is
- Toestande onmiddellik voor die oorlog
- Die verdeling van Viëtnam en die vorming van die Viëtkong
- Redes vir VSA betrokkenheid: inperking en domino-teorie
- VSA se eerste ingryping in Suid-Viëtnam (1957–1963) – het wapens en militêre adviseurs teen die Viëtkong gestuur – passiewe betrokkenheid
- Ho Chi Minh-roete is deur die Viëtminh (kommunistiese guerrillas van Noord-Viëtnam) gebruik om die Viëtkong te ondersteun – het gehelp om die Viëtkong van voedsel en wapens te voorsien – het VSA taktiek laat misluk.
- VSA het 'Veilige dorp'-beleid/Hamlet-stategie / dorpvorming ingestel – probeer om guerrillas van dorpenaars te isoleer/skei (1963)/Veilige dorpsbeleid het misluk omdat die Viëtkong binne dorpe geopereer het.
- Die Golf van Tonkin insident en resolusie (1964)/Die VSA het gevoel die oorlog in Viëtnam was nie 'n konvensionele oorlog sooos die Tweede Wêreldoorlog nie.
- VSA het 3 500 mariniers op 8 Maart 1965 en grondtroepe na Viëtnam gestuur/ konvensionele militere strategie is verwar deur guerrilla taktieke
- Operasie Ranch Hand (1962–1971): gebruik van chemiese ontblaarmiddels, Agent Orange (om die woud te vernietig) en Agent Blue (om landbouprodukte en voedsel te vernietig om die Viëtkong te verswak)
- Gebruik van chemiese wapens het die VSA ongewild gemaak en is deur baie veroordeel.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

- President Johnson het Operasie Rolling Thunder (Rollende Donderweer) in Maart 1965 bekengestel om die Viëtkong so vinnig as moontlik uit te skakel.
- Guerrilla-oorlogvoering deur die Viëtminh en Viëtkong (moeiliheid om die guerrillas van dorpenaars te skei – boere/kleinboere)
- Viëtkong het met die Tet-offensief (1968) – verrassingsaanvalle op 100 stede gereageer
- Aantal VSA soldate wat dood is, het toegeneem – het tot anti-oorlog demonstrasie gelei
- Hoogs effektiewe gebruik van guerrilla-taktieke deur die Viëtkong
- VSA het jong en onervare soldate na Viëtnam gestuur
- VSA het Soek-en-Vernietig missies (My Lai-massamoord) gebruik om dorpe wat deur die Viëtkong ondersteun is, te vernietig.
- Dit het gelei tot groot getalle burgelike sterftes – wat meer steun vir die Viëtkong vereis het
- VSA se gruweldade en die My Lai-massamoord (Maart 1968) het die openbare mening teen die oorlog gedraai
- Noord-Viëtnam het militêre steun van die USSR en China ontvang, sodat die Viëtminh en Viëtkong toegang tot moderne wapens gehad het
- Guerrilla oorlogvoering is effektief deur die Viëtminh vanuit die noorde, en het taktieke soos valstrikke, ondegrondse tonnels, tref-en-trap, sabotasie gebruik
- Die Viëtkong het sy ondersteuningsbasis vergoot as gevolg van die taktieke wat teen die VSA-soldate gebruik is
- Die Viëtnamese was verenig in die verdediging van hul land
- Viëtnamisering: President Nixon het die beleid van strategiese onttrekking uit Viëtnam bedink. Ook genoem WHAM (Winning the Hearts and Minds) van die Viëtnamese, het die VSA se mislukking aangedui om te keer dat Viëtnam ŉ kommunistiese staat word en die daaropvolgende onttrekking daarvan
- Die VSA het teen 1973 alle troepe onttrek en President Nixon het die Paryse Vredesooreenkomste op 27 Januarie 1973 onderteken-wat die VSA se betrokkenheid by die Viëtnamoorlog beëindig het
- Noord-Viëtnam het in 1975 beheer oor Saigon oorgeneem
- Viëtnam is verenig onder kommunistiese beheer/VSA se militere taktiek het nie daarin geslaag om die Viëtkong te verslaan nie.
- Enige ander relevante antwoord
- Gevolgtrekking: Kandidate moet hul argument met ŉ relevante slot saamvat **[50]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO

*[Beplan en konstrueer 'n oorpspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analise en interpretasievaardighede te gebruik.]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet krities bespreek of Mobutu Sese Seko positiewe veranderinge aan die Kongo teweeggebring het deur die politieke, ekonomiese en sosiale beleid wat ingestel is nadat die land onafhanklikheid in 1960 verkry het. Indien sy beleide nie altyd positiewe veranderinge teweeggebring het nie, moet die kandidate ook na die negatiewe veranderinge verwys.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

Inleiding: Kandidate moet 'n kritiese standpunt inneem deur aan te dui of beleide wat deur Mobutu Sese Seko ingestel is, poistiewe veranderinge in die Kongo na onfhanklikheid kon teweegbring. Hulle moet aandui hoe hulle van is om hul argument te ondersteun.

**UITBREIDING**

**Politieke Beleide**

- Kongo het op 30 Junie 1960 onafhanklik geword met Joseph Kasavubu as president en Patrice Lumumba as premier. Joseph Kasavubu het verkies dat Kongo 'n federale staat moet wees, terywl Lumumba vir 'n sterk gesentraliseerde nasionale regering gepleit het/Lumumba was ook in konflik met Moise Tshombe
- Kongo het met baie politieke onstabilitiet begin – met Tshombe gefokus op die afskeiding van Katanga vir sy eie onafhanklikheid
- Mobutu het die mag van Kasavubu oorgeneem deur 'n staatsgreep in 1965
- Hy het daarin geslaag om 'n vorm van politieke stabilitiet te bring (positiewe verandering)
- Mobutu het outoritarisme toegepas om politieke stabiliteit te bereik (negatiewe verandering)
- In 1967 het Mobutu daarin geslaag om die Katanga-rebellie te stop (positiewe verandering)
- Hy het sy land 'n nuwe grondwet as 'n eenpartystaat onder sy party, die Populêre Beweging vir die Rewolusie (MPR), gegee (positiewe verandering)
- Kongo het binne die eerste vyf jaar 'n eenpartystaat geword nadat hy onafhanklikheid verkry het, met alle opposisie onderdruk (negatiewe verandering)
- Mobutu het 'n persoonlikheidskultus ontwikkel/Mobutisme het Kongo 'n outokratiese staat onder homself as militêre diktator gemaak (negatiewe vernadering)
- Hy is deur die VSA ondersteun omdat hy as 'n anti-kommunistiese bondgenoot gesien is (negatiewe en positiewe verandering)
- Hy het 'n sterk gesentraliseerde regering geskep en alle aanstellings, bevorderings en die toewysing van regeringsinkomste beheer (negatiewe en postiewe veranderinge)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

- Hy het die beleid van Zaireïsasie ingestel, ŉ beleid wat geskoolde buitelanders of diegene wat strategiese bestuursposisies beklee, vervang het met die ongeskoolde plaaslike inwoners – wat gelei het tot wanadministrasie en wanbestuur in politieke leiersrolle (positiewe en negatiewe veranderinge)
- Hy het nepotisme (kleptokrasie) toegelaat (negatiewe verandering)
- Mobutu het as 'lewenslange president' aangebly tot sy dood in 2007
- Enige ander relevante antwoord.

**Ekonomiese beleide**

- Nasionalisering: Mobutu het die land se kopermynbedryf genasionaliseer en winste uit die kopermynbedryf gebruik om sy 10-jaar industrialiseringsplan te finasier (positiewe verandering)
- Buitelandse maatskappye genasionaliseer sonder vergoeding
- Buitelandse maatskappye onder beheer van sy bondgenote en familielede geplaas (negatiewe verandering)
- Zaireïsasie ingestel (vervanging van buitelanders met Zairese burgers) (positiewe en negatiewe veranderinge)
- Zaireïsasie lei tot korrupsie, diefstal en wanbestuur (Negatiewe verandering
- Die ekonomie is gekenmerk deur nepotisme en elitisme wat ŉ groot gaping tussen die elite en gewone burgers/ryk en arm geskep het (negatiewe verandering)
- Swak ekonomiese beleide het tot die agteruitgang in die toestand van infrastruktuur soos paaie en ander infrastruktuur gelei (Swak ekonomiese beleide)
- Mobutu het kleptokrasie geskep – waar ŉ groep aangestelde openbare amptenare hul posisie vir finansiele gewing gebruik het (negatiewe verandering)
- Mobutu is gedwing om Retrosessie (terugkeer van buitelandse eienaars in te stel (oneffektiwiteit van Zaireïsasie as ŉ ekonomiese beleid)
- Baie min buitelandse eienaars het teruggekeer
- Styging in die olieprys het landbou beinvloed
- Kongo se ekonomie het ineengestort
- Kongo het afhanklik geword van buitelandse hulp en beleggings, bv. van die Wêreldbank (negatiewe verandering)
- Enige ander relevante antwoord

**Sosiale beleide**

- Met onafhanklikheid het Kongo 14 universiteitsgegradueerdes uit 14 miljoen mense gehad.
- ŉ Beleid van Authenticité is geimplementeer (oorspronklik om inheemse gebruike en oortuigings te bevorder) om koloniale invloed uit te wis en Zaireïrs te verenig met ŉ gevoel van trots vir eie kultuur. Ook bekend as Afrikanisering (positiewe verandering)
- Christelike name is met Afrika-name vervang, bv. Die kongo is in 1971 na Zaire herdoop;
  Leopoldville het Kinshasa geword, Elisabethville het Lubumbashi geword, en Stanleyville het Kisangani geword; Mobutu het ook sy naam verander van Joseph-Desire Mobutu na Mobutu Sese Seko Kuku Ngbedu Waza Banga, wat beteken:' Die Alles-oorwinnende Kryger Wat, as gevolg van sy Uithouvermoe en Onbuigsaamheid Sal Wen, van Verowering to Verowering Sal Gaan en Vuur in Sy Nasleep Sal Laat' (positiewe veranderinge in lyn met dekolonisasie)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

- Kleredrag: die dra van westerse pakke is onwetting gemaak (deur ŉ verordening) en vervang met 'abacos' (A bas le costumes) wat beteken 'af met die pak' (positiewe verandering)
- Plaaslike musiek bevorder (positiewe verandering)
- Mobutu het deomokrasie as ŉ vreemde ideologie vir Afrika beskou – hy het as ŉ hoofman in ŉ tradisionele Afrika-styl regeer en dit gebruik om sy eie outoritêre posisie te versterk (negatiewe verandering)
- Frans het die onderrigtaal gebly en die onderwysstelsel het steeds die stedelike elite bevoordeel (negatiewe verandering)
- Na onafhanklikheid het primêre onderwys en skoolinskrywings gestyg van 1,6 miljoen in 1960 tot 4,6 miljoen in 1974 (positiewe verandering)/Toe staatsbefondsing deur Mobutu onttrek is, moes ouers begin betaal en primere onderwys het begin afneem (negatiewe verandering)
- Onderwysers en hospitaalpersoneel het maande lank onbetaald gegaan weens swak ekonomiese en politieke praktyke (negatiewe verandering)
- Armoede het toegeneem as gevolg van voedselinflasie (Negatiewe verandering)
- Enige ander relevante antwoord
- Gevolgtrekking: Kandidate moet hulle argument met ŉ relevante slot saamvat. **[50]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 6: BURGERLIKE SAMELEWINGPROTESTE VAN 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING**

*[Beplan en konstrueer 'n oorpspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analise en interpretasievaardighede te gebruik.]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet verduidelik tot watter mate die Swartmagbeweging strydlustig en geweldadig was in die pleit vir respek en waardigheid vir Afro-Amerikaners in die Verenigde State gedurende die 1960's. Hulle moet hul argument met die historiese bewyse staaf.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem deur te verduidelik tot watter mate die Swartmag beweging strydlustig en geweldadig was in die pleit vir respek en waardigheid vir Afro-Amerikaners in die Verenigde State gedurende die 1960's. Hulle moet ook 'n uiteensetting gee van hoe hulle hul argument sal staaf.

**UITBREIDING**

Toestande in die VSA

- Afro-Amerikaners steeds ekonomies en polities verlam in die VSA as gevolg van diskriminerende (Jim Crow) wette
- Gebrek aan 'n gevoel van trots as gevolg van sosio-ekonomiese omstandighede (Het in ghetto's en krotbuurte gewoon/swak behuising/onderbevolkte fasiliteite)
- Afro-Amerikaners het ongeduldig geraak met die stadige tempo van verandering en die impak van die Burgerregtebeweging in die 1960's
- Afro-Amerikaners is aan polisiebrutaliteit onderwerp – het gelei tot die groei van nasionalistiese gevoelens.
- Die Swartmagbeweging het die Swartmag-filosofie bepleit wat die gees van selfgelding, selfstandigheid, swart trots, beheer oor die politiek in hul eie gemeenskappe bevorder het (bepleit deur Stokely Carmichael); Afro-Amerikaners moes hulself teen polisebrutaliteit beskerm, swartes moes vryheid van wit gesag soek; bevordering van Afro-haarstyl en Afrika-klere en het die slagspreuk 'Swart is mooi' geskep.
- Malcolm X het gewapende selfverdediging teen wit onderdrukking bevorder (strydlustig)
- Hy het aangevoer dat bloedvergieting nodig was vir rewolusie (strydlustig en geweldadig) en hy het selfrespek en selfdissipline bepleit
- Het die konsep van 'Swart Trots' (selfbeeld/selfrespek/selfhelp) bevorder.
- Het Afro-Amerikaners aangemoedig om teen wit Amerikaanse owerhede op te staan in die strewe na vryheid, geregtigheid en gelykheid met alle moontlike middele (strydlustig)
- Het die gebruik van geweld as 'n middel tot selfverdediging teen diegene wat Afro-Amerikaners aangeval het, ondersteun (geweldadig)
- Stokely Carmichael het geglo dat die geweldlose strategie misluk het as gevolg van voortdurende geweld teen Afro-Amerikaners (geweldadig)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

- Het die uitsluiting van 'wit liberale' as 'n filosofie vir Afro-Amerikaners bepleit
- Hy het een plan bevorder om die VSA in aparte swart en wit lande te verdeel.
- Hy was teen die VSA se betrokkenheid by die Viëtnam-oorlog
- Impak: die mees voor die handliggende vorme van rassediskriminasie het geëindig
- Rassegeweld en spanning het afgeneem.
- Afro-Amerikaners is verkies tot openbare ampte
- Behuising en fasiliteite van Afro-Amerikaners is verbeter (selfbeeld)
- Swart geletterheid en afhanklikheid van staatstoelaes is beperk (selfbeeld)
- Regstellende aksiebeleid vir federale indiensneming is ingestel
- 1966 Bobby Searle en Huey Newton het die Black Panther Party (BPP) vir Selfverdediging gestig – teen polisiebrutaliteite (strydlustig en geweldadig)
- Tienpuntplan is aangeneem om sy sosiale, politieke en ekonomiese doelwitte vir die opheffing van die Afro-Amerikaanse gemeenskap/swart bemagting (Selfbeeld) te dek
- Die BPP het voedingskemas, kinderversorging en geletterheidsprojekte in swart
- gemeenskappe bedryf – die voedingskemas het honger onder die jeug uitgeroei en leer in skole verbeter (Swart bemagtiging)
- BPP – geletterheidsprojekte het ongeletterheid onder die Afro-Amerikaanse gemeenskappe uitgeroei (Swart Bemagtiging)
- BPP – kindersorgprojekte het voorsien in die mediese behoeftes van Afro-Amerikaners in swart gemeenskappe (Swart bemagtiging)
- BPP – lede het die strate gepatrolleer om polisie-aktiwiteite te monitor (polisieër die polisie) en hulself teen polisiebrutaliteit te verdedig (militant)
- BPP het geëis dat swart geskiedenis in swart skole onderrig moet word
- Enige ander relevante antwoord
- Gevolgtrekking: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

**TOTAAL: 150**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

Kopiereg voorbehou